



CLEAN AUDITS SINCE 2010/11



*Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!  
We shape a beter future!  
Sibumba ikamva elingcono!*

Lêer verw/ File ref: 15/3/10-15/Farm\_1137

Navrae/Enquiries:  
Mnr AJ Burger

11 Maart 2022

Planscape  
Posbus 557  
MOORREESBURG  
7310

**Per Geregistreerde Pos**

Meneer/Dame

**VOORGESTELDE WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES RAKENDE 'N VERGUNNINGSGEBRUIK OP RESTANT PLAAS MUGGIEVLAK NO 1137, AFDELING MALMESBURY**

U aansoek met verwysing 23-1137-SWM, gedateer 14 Januarie 2022, namens die Muggievlak Trust, het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek om die wysiging van goedkeuringsvoorwaardes rakende 'n vergunningsgebruik op restant plaas Muggievlak no 1137, Afdeling Malmesbury ingevolge artikel 70 van die Verordening, goedgekeur soos volg:

Voorwaarde A2 lees tans soos volg:

*"...A2 Dat die voorgestelde toeristefasiliteit en plaasstalletjie beperk word tot 'n totale oppervlakte van 251m<sup>2</sup> en dat alkoholiese drank wat insluit wyn, 'craft bier' en spiritus op buiteverbruik grondslag verkoop kan word;..."*

Voorwaarde A2 word soos volg gewysig:

*"...A2 Die voorgestelde toeristefasiliteit en plaasstal beperk word tot 'n totale oppervlakte van 366m<sup>2</sup> en dat alkoholiese drank wat insluit wyn, 'craft bier' en spiritus op buiteverbruik grondslag verkoop kan word;..."*

**Ander goedkeuringsvoorwaardes van die besluit gedateer 29 Mei 2009 bly van krag.**

Die uwe

  
MUNISIPALE BESTUURDER  
per Departement Ontwikkelingsdienste  
AJB/ds

*Afskrif: Muggievlak Trust, Posbus 80, Koringberg, 7310*

Rig asseblief alle korrespondensie aan:

Die Munisipale Bestuurder  
Privaatsak X52  
Malmesbury 7299

Darling Tel: 022 492 2237

Tel: 022 487 9400

Faks/Fax: 022 487 9440

Epos/Email: swartlandmun@swartland.org.za

Moorreesburg Tel: 022 433 2246

Kindly address all correspondence to:

The Municipal Manager  
Private Bag X52  
Malmesbury 7299

Yzerfontein Tel: 022 451 2366